Laerskool Lynnwood

Roderickswеg, Lynnwood
Posbus 74929, Lynnwoodrif 0040
Tel: 012 348 8894/1306
Faks: 012 348 1305
E-pos: admin@lynnwoodlaer.co.za
www.lynnwoodlaer.co.za

KUNSTE AKADEMIE

KUNSTE AKADEMIE: BALLET INLIGTINGSBOEKIE 2022

INHOUDSOPGAWE:

1. **VERWELKOMING**
   1.1 Dans Kalender

2. **BALLET SILLABUS**

3. **ALGEMENE ADMINISTRASIE**
   - **Registrasie**
   - **Betalings**
   - **Kennis**
   - **Fooie**
   - **Klasrooster**

4. **KLASBYWONING**

5. **OUERBESOEK**

6. **JAARLIKSE GEBEURE**
   - **Eksamens**
   - **Kursusse**
   - **Kompetisies**
   - **Kunswedstryde**
   - **Jaarlikse Konsert "SHOW"**
   - **Kostuums**

7. **BALLET KLAS UNIFORM**
   - **Kleredrag**
   - **Hare**

1. VERWELKOMING

Baie welkom by Laerskool Lynnwood se Kunste Akademie: Ballet. Ek, Liezel Boshoff (neé Marais) en Annetjie Herman glo en vertrou dat u kinders onder ons leiding sal groei en floreer. Ons streef daarna om in al ons leerlinge `n passie vir musiek en dans te ontwikkel om sodoende hulle te help om tot die beste van hul vermoëns te presteer.

Kalender 2022 (In Engels)

Agv die onsekerheid rondom die Covid Pandemie kan ons ongelukkig nie langtermyn beplanning doen nie en mag die datums en gebeure dalk skielik verander.

1st Term	**17 January – 17 March**
Exam Entries and Fees	***To be confirmed*** Final date of entry and payment **Fri 4 March**
Saturday Show Rehearsals **Show Photos**	**Sat 12,19, 26 February** **Sat 5 March**
Yearly Production / Show **Afriforum Theatre, Menlo Park**	**11, 12, 13 March**
2nd Term	**5 April – 24 June**
Public Holiday	Mon 18 April Mon 2 May Thurs 16 June
Exam Rehearsals -Two compulsory Saturday exam rehearsals during May / June. (Pre-Primary – Adv 1)	***To be confirmed***
Approximate Exam Session	***To be confirmed* May/June**
Competition and Eisteddfod Entries and Fees	***To be confirmed* Oct/Nov**
3rd Term	**19 July – 30 Sept**
Public Holiday	Mon 8 Aug Tues 9 Aug
Dance Competitions and Eisteddfod of the Performing Arts	***To be confirmed***
4th Term	**11 October – 25 November**
Saturday Rehearsals for Competitions and Eisteddfod	***To be confirmed closer to the time****

2. BALLET SILLABUS

Ons volg die Internasionale Royal Academy of Dance (RAD) syllabus.

3. ALGEMENE ADMINISTRASIE

Registrasie:

1. Elke leerling moet aan die einde van elke jaar weer registreer vir die volgende nuwe jaar.
2. Registrasiefooie word elke jaar hersien.
3. Registrasievorms moet elke jaar ingevul word sodat inligting opgedateer kan word.
4. By registrasie word die nodige inligting aan u deurgegee soos:
   a. Danstye vir die nuwe jaar
   b. Uiteensetting van Kwartaalfooie
   c. Begroting vir die jaar
   d. Jaarbeplanning
   e. Kleredrag

Betalings:

1. Klasfooie is maandeliks streng vooruitbetaalbaar.
2. Klasfooie moet betaal word op gegewe datums.
3. Klasfooie is aan Laerskool Lynnwood betaalbaar met u familiekode as verwysing. Geen maandelikse fooie mag in Liezel Marais Dance Academy se rekening inbetaal word nie.
4. Jaarfooie word elke jaar hersien.
5. Alle betalings vir kostuums, danseksamens, danskompetisies, kunswedstryde word direk aan Liezel Marais Dance Academy betaal. Betaling in `n gemerkte koevert, elke betaling in `n aparte koevert met die korrekte bedrag geld in.

Elektroniese betalings word verkies. Julle sal `n rekening per epos ontvang met `n uiteensetting van die items en die korrekte bankbesonderhede.

Kennis:

1. Enige beëindiging van dansklasse moet skriftelik op die eerste dag van die maand aan die dansdosent gegee word. `n Volle maand opbetaalde kennis word dus verlang.
2. Indien kennis eers later in die maand gegee word, moet u steeds die volgende maand voluit betaal.
3. Leerlinge mag wel in kennistydperk dans.

Maandelikse Fooie word op skoolrekening gehef Feb - Nov:

Voorskool: Gr R, RR en RRR
1x per week R327.00 per maand vir 10 maande

Laerskool: Ballet Pre-Primary, Primary, Grade 1, 2, 3, 4,5
2x per week R435.00 per maand vir 10 maande

Ballet klasrooster vir 2022

Tyd:	Skool Graad in 2022	Ballet Graad (Waarna balletbriewe verwys)	Lokaal
Maandae			
10h45 – 11h15	Graad R	Pre-Pre-Primary	Kerksaal
11h15 – 11h45	Graad RR	Tiny Tots 4-5jr	Kerksaal
12h00 – 12h30	Graad RRR	Tiny Tots 3-4jr	Kerksaal
12h30 – 13h00	Ektra klas afhangende van leerder getalle		Kerksaal
Dinsdae			
13h45 – 14h15	Graad 1	Pre-Primary	Skoolsaal
14h15 – 14h45	Graad 2	Primary	Skoolsaal
14h45 – 15h15	Graad 3	Grade 1	Skoolsaal
15h15 – 16h00	Graad 4	Grade 2	Skoolsaal
16h00 – 16h45	Graad 5	Grade 3	Skoolsaal
16h45 – 17h30	Graad 6	Grade 4	Skoolsaal
Donderdae			
13h30 – 14h00	Graad 1	Pre-Primary	Kerksaal
14h00 – 14h45	Graad 2	Primary	Kerksaal
14h45 – 15h30	Graad 3	Grade 1	Kerksaal

15h30 – 16h15	Graad 4	Grade 2	Kerksaal
16h15 – 17h00	Graad 5	Grade 3	Kerksaal
17h00 – 18h00	Graad 6	Grade 4	Kerksaal

Ballet leerlinge jonger as skool Graad 7 sal op Maandae / Donderdae wanneer lesse in die kerksaal oorkant die skool plaasvind gehaal word om hulle veilig oor die pad te vergesel voor en na Ballet. Graad RRR/RR/R sal vanaf hulle klassies gehaal word en terug skool toe geneem word en laerskool leerlinge sal by die klein hekkie (binne die skool) oorkant die kerk ontmoet en vir ons wag.
Die nodige reëlings sal met ouers en na-skool getref word.

4. KLASBYWONING

1. Klasbywoning bepaal die volgende:
   1.1. Hy/Sy gereed sal wees vir eksamens, kompetisies, kunswedstryde of vertonings.
   1.2. Hy/Sy toegewyd is en/of ingeskryf kan word vir eksamens, kompetisies, kunswedstryde of vertonings.
2. Indien `n leerling te veel klasse voor eksamens, kunswedstryde of kompetisies nie bywoon sonder om `n doktersbrief te voorsien nie, sal hy/sy ongelukkig onttrek word.
3. Indien `n leerling vir `n solo/duet/trio/kwartet gekies word sal daar van hom/haar verwag word om op vooraf gereelde Vrydae en/of Saterdae vir hierdie voorreg te oefen. Dit mag dalk beteken dat die leerling `n moeilike keuse tussen hierdie geleentheid en `n ander botsende aktiwiteit moet maak.

5. OUERBESOEK

1. Gedurende die laaste week van elke kwartaal sal ouers die geleentheid kry om `n klas waar te neem. U sal vroegtydig daarvan in kennis gestel word.
2. Geen ouers word in die klas toegelaat gedurende die res van die kwartaal nie.

6. JAARLIKSE GEBEURE

<u>Eksamen, Kursus, Kompetisie, Kunswedstryd, Konsert:</u>

<u>Inskrywings:</u>

1. Sluitingsdatums van die bogenoemde is van uiterse belang. Neem asb altyd kennis hiervan.
2. Geen laat inskrywing sal deur ons aanvaar word nie.
   Hou asb by die reëls.
3. Alle betalings moet in `n gemerkte koevert met die korrekte bedrag teruggestuur word of elektronies in Liezel Marais Dance Academy se rekening oorgeplaas word, met die volgende verwysing: Naam en Van van leerling, Bedrag en waarvoor inskrywing is. Meeste inskrywings sal aanlyn plaasvind en julle sal al die nodige inligting vooraf ontvang.
4. Geen gelde sal aan leerlinge terug betaal word indien hy/sy onttrek nie. Sekere Assosiasies sal wel `n gedeelte terug betaal op aanvraag van `n doktersbrief.
5. Geen leerling sal aanvaar word op inskrywing indien klasfooie nie op datum is nie of as leerlinge se inskrywingsvorm of inskrywingsgelde uitstaande is nie.

Royal Academy of Dance - Ballet Eksamen:

1. Nie verpligtend maar word sterk aanbeveel. Leerlinge ontvang internasionale erkenning vir die jare se toewyding en bewys dat hulle wel hulle eksamens afgelê het.
2. Internasionale Ballet eksamen waar datums en tye aan die Balletskool gegee word. Ons kan ongelukkig nie ons datums of tye kies nie en dit vind gewoonlik gedurende skoolure plaas. 3 Weke kennis word gewoonlik vanaf die Royal Academy of Dance SA se hoofkantoor in Johannesburg gegee vir ons studio se datum en tye.
3. Jaarlikse eksamen gedurende Mei/Junie.
4. Inskrywing in Maart. Fooie en sluitingsdatum sal vroegtyding uitgestuur word.
5. Pianiste fooi, ektra oefeninge, sertifikate, rapporte en medaljes alles ingesluit by eksamen fooi.
6. Gedurende die April vakansie word daar `n voor-eksamen kursus deur eksaminatore van die Royal Academy of Dance (RAD) aangebied. Dit vind gewoonlik gedurende 1 week van die April vakansie plaas in die Hoërskool Pro Arte Alphenpark se Balletlokale. Hierdie kursus is van uiterse belang en word sterk aanbeveel. Koste en datums verbonde aan die kursus sal vroegtydig

saam met die eksamen briewe uitgestuur word. As hierdie kursus agv getalle gekanselleer word, sal ons, ons eie kursus aanbied.

Royal Academy of Dance Eksamen datums en fooie 2022

Agv die onsekerheid rondom die Covid Pandemie kan ons ongelukkig nie langtermyn beplanning doen nie en mag die datums en gebeure dalk skielik verander.

Eksamen Sessie	**Mei/Junie**
Sluitings datum	**Vrydag 4 Maart 2022**
Eksamen Fooie:	
Voorskool Graad R	R350.00
Pre-Primary	R675.00
Primary	R767.00
Grade 1	R846.00
Grade 2	R884.00
Grade 3	R956.00
Grade 4	R1001.00
Grade 5	R1028.00

Royal Academy of Dance – "Bursary Competition"

1. Nie verpligtend.
2. RAD "Bursary competition" vind jaarliks en ongeveer op `n Saterdag tussen Aug - Nov plaas.
3. Fooie en sluitingsdatum sal vroegtyding uitgestuur word.

Eisteddfod of the performing Arts (Pretoria Dans Kunswedstryd)

1. Nie verpligtend en sal afhang van hoeveel leerlinge in die spesifieke Balletklas inskryf en beskikbaar is gedurende die hele vakansie.
2. Gedurende die September/Oktober skoolvakansie.
3. Fooie en sluitingsdatum sal vroegtyding uitgestuur word.

LOK-Fees (Laerskool Lynnwood se kunswedstryd)

1. Fooie, items waarvoor u kind sal inskryf en sluitingsdatum sal vroegtydig uitgestuur word.
2. Ouers is self verantwoordelik vir die inskryf op die webtuiste.
3. Waar moontlik sal daar vir die LOK-fees gedurende normale klastyd geoefen word. Anders sal repitisies afsonderlik op Saterdae teen eie koste plaasvind.

Jaarlikse Konsert "SHOW"

1. Verkieslik verpligtend vanaf Laeskool ouderdom aangesien ons vanaf die 3de kwartaal daarvoor sal begin oefen.
2. Vind gedurende die 4de kwartaal in `n Teater plaas.
3. Konsert datums, oefen tye op Saterdae nader aan die konsert, fooie verbonde aan die deelname in die konsert en kostuum gelde sal vroegtydig uitgestuur word.

Kostuums

1. Leerlinge dra hulle eie Ballet uniform (soos vir gewone klas) vir RAD eksamens en kursusse. Dit moet in `n puik toestand wees en veral Ballet skoene moet splinternuut en `n paar weke (minstens 2) voor die eksamen aangeskaf word.
2. Kostuums vir kunswedstryde, kompetisies en die “Show” word gehuur. Fooie verbonde aan die huur van hierdie kostuums sal saam met die inligtings brief vir die spesifieke geleentheid uitgestuur word.

7. BALLET UNIFORM

Dance is not only a beautiful but disciplined art form. The way in which we carry ourselves to class will not only influence our attitude in class but also in life!

Kleredrag:

Ballet leerlinge mag nie alleenlik in hulle Ballet leotard na die Balletlokaal loop nie. As hulle nie `n rompie vir die spesifieke klas dra nie moet hulle of `n rompie, kortbroek of skool uniform oor hulle Balletleotard dra. Hulle Balletskoene sal ook dadelik verniel en onnodige stof in die lokaal in bring. Julle kan skoen omhulsels vanaf die dans winkel aanskaf of `n ekstra paar skoene of pantoffels inpak. Bypasende rompies om oor Ballet leotards te dra kan aanlyn by Stitch&Twirl bestel word op ons webtuiste.

Winter: Ballet truie of langmou frokkies wat styf sit word toegelaat. Geen los hemde, truie of skoolbaadjies sal toegelaat word nie.
Lang sykouse en “legwarmers” ook beskikbaar vanaf die dans winkel.

Voorskool Gr R, RR, RRR

Daar is ongelukkig nie tyd om voorskoolse leerders voor en na Ballet aan te trek nie. Dit is baie tydrowend vir onderwysers en klere raak weg in die proses. Daarom vra ons dat julle leerders of met ons dansdrag of iets soortgelyk op Ballet dae skool toe stuur:

Nuwe Dans-drag wat op Ballet dae skool toe gedra mag word. Leerlinge dra die Ballet frokkie en bypassende ski-pants met ‘n warm tuitjie bo-oor of langmou frokkie onder op koeler dae. Leerlinge hoef dan slegs hulle Balletkouse, Balletskoene en tutu rompie in ‘n aparte sak op Ballet dae skool toe te neem om aan te trek voor Ballet. **Ons verkies dat leerlinge die eerste twee kwartale kaalvoet dans. Julle kan eers gedurende die wintermaande Ballet skoene aanskaf wat dan hopelik sal pas tot die einde van die jaar.**

- Stel met 2 x items: R250-00
  Ballet gedrukte moulose frokkie
  Bypassende ¾ ski-pants
- Los net “tutu” rompie R200-00
- Al 3 bogenoemde items R450 per stel.
- Kort pienk Balletkouse / Winter lang piek Ballet sykouse of tights onder ski-pants
- Pienk canvas of satyn (slegs canvas of satyn vir eksamen, kunswedstryde, kompetisies) Balletskoene met pienk rekkie oor brug van voet

GEEN SPLIT-SOLE BALLETSKOENE, SLEGS VOL-SOOL

Voorskoolse Dans-drag bestellings:

Julle kan aanlyn op ons webtuiste die nuwe voorskoolse dans-drag bestel. www.liezelmaraisdanceacademy.co.za / Studios / Voorskool Lynnwood / Bestel ballet uitrusting aanlyn (heelonder aan bladsy)

Balletskoene en -kouse beskikbaar by Ballet Barre,

81 George Storrar Dr, Groenkloof 012 346 4311

Items sal slegs afgelewer word na bewys van betaling ontvang is.

Pre-Primary en Primary

- RAD Pienk ronde nek leotard, mouloos
- RAD Pienk chiffon rompie
- Kort pienk Balletkouse (tot onder knie) – somer
  en pienk Ballet sykouse – winter
- Pienk canvas of satyn (slegs canvas of satyn vir eksamen, kunswedstryde, kompetisies) Balletskoene met pienk rekkie oor brug van voet
  GEEN SPLIT-SOLE BALLETSKOENE, SLEGS VOL-SOOL

Grade 1 en Grade 2

- **Grade 1:** Turquoise ronde nek leotard
- **Grade 2:** Lilac (lig pers) ronde nek leotard
- Kort pienk Balletkouse (tot onder knie) – somer
  en pienk Ballet sykouse – winter
- Pienk canvas of satyn (slags canvas of satyn vir eksamen, kunswedstryde, kompetisies) Balletskoene met pienk rekkie oor brug van voet
  GEEN SPLIT-SOLE BALLETSKOENE, SLEGS VOL-SOOL
- Character romp
- Character skoene met lae hak

Grade 3, 4 en 5

- **Grade 3:** Mulberry Pink ronde nek leotard
- **Grade 4:** Royal Blue ronde nek leotard
- **Grade 5:** Donker pers ronde nek leotard
- Kort pienk Balletkouse (tot onder knie) – somer
  en pienk Ballet sykouse – winter
- Pienk canvas of satyn (slegs satyn vanaf Grade 3 vir eksamen, kunswedstryde, kompetisies) Balletskoene met pienk “pointe shoe ribbons”
  GEEN SPLIT-SOLE BALLETSKOENE, SLEGS VOL-SOOL
- Character romp
- Character skoene met hoë hak

Al die bogenoemde leotards, chiffon rompies en character rompe kan by ons bestel word. Ons verkoop ook hare benodigdhede wat 1 dun kam, 2 dun haarnette en genoeg haarrekkies, haarknippies en haarnaalde insluit. La Pebra haarjel en Aqua colour vir skoene ekstra. Bestel vorms sal volg.

Hare en netheid:

- Hare moet altyd in `n netjiese bolla wees. Ouers kan al die bolla voorskool op Ballet dae maak.

Geen hare mag in oë hang nie! Indien hare kort is moet `n kopband of knippies gedra word om hare uit die oë te hou.



Haarbenodigdhede en ekstras:

Elke leerling moet altyd die volgende byderhand hê vir: Eksamens, Kursusse, Kunswedstryde, Kompetisies en Vertonings. Geen ekstras word deur die dansdosent verskaf nie!

Alle bekomstighede beskikbaar by Ballet Barre. Maak asb seker alles is DUIDELIK GEMERK. Merk asb uniform en skoene aan die binnekant waar dit nie deurskyn of gesien kan word gedurende `n optrede nie.

- Eie borsel
- Eie dun kam
- Eie La Pebras Haarjel
- 5 Dun sterk haarrekkies
- Genoeg haarknippies en haarnaalde (kort haarnaalde vir dun, kort hare en lang haarnaalde vir dukker lang hare)
- 3 Fyn haarnette dieselfde kleur as hare
- Extra paar pienk Ballet sykouse vir ingeval die ander paar leer
- Eie potjie “Aqua color” en sponsie waarmee Ballet skoene skoon gemaak word
- Kamer jas en pantoffels om oor kostuum en skoene te dra gedurende eksamen, kursus, kunswedstryd, kompetisies en konserte.
  Al die bogenoemde leotards en rompies kan by ons bestel word. Ons verkoop ook hare benodigdhede wat 1 dun kam, 2 dun haarnette en genoeg haarrekkies, haarknippies en haarnaalde insluit. La Pebra haarjel en Aqua colour vir skoene nie ingesluit nie.

Pre-Primary – Grade 5 Leotard en Rompie bestellings:

Aanlyn onder Stitch&Twirl of

kontak Tilla 083 450 8945 tilla7567@gmail.com

Items sal slegs afgelewer word na bewys van betaling ontvang is.

Besoek gerus ons webtuiste vir meer inligting, nuusbriewe, registrasievorms en bestellings:

www.liezelmaraisdanceacademy.co.za

Ballet Winkel vir skoene en kouse:

- **The Ballet Barre - Groenkloof Tel: 012 3464311**
- **Danceworx – Doringkloof Mall Centurion Tel: 012 6675806**

Vriendelike groete

Liezel Marais Boshoff en Annetjie Herman

083 306 5565 / 076 608 7232

liezelmaraisdanceacademy@gmail.com / www.liezelmaraisdanceacademy.co.za

Ballet Dosente



As a teacher of young dancers I understand the importance of being prepared to teach. I understand the impact my behaviour, appearance and knowledge have on their lives. I recognize I'm a role model and everything I do and say can make a lasting impression on them. I will not only teach dance, but I will share my love of dance with them in every way I can. I will strive to make my lessons exciting so my students will return and we can dance together for many years.

"There are short-cuts to happiness and dancing is one of them"
- Vicky Baum -

"It takes an athlete to dance, but an artist to be a dancer"
- Shanna LaFleur -

"I don't want people who want to dance, I want people who have to dance" - George Balanchine -